

Lampbrecht, B. PAUL EMMANUEL BY DIE BIG BAG SHOW BY THE GOODMAN GALLERY  
in Rapport, Rapport, February 2001

Agter teen een van die uitstalmure waarop kunstenaars wat nou of voorheen by die Bag Factory gewerk het, keer die vyf litografiese drukke van Paul Emmanuel jou voor. Jy't al deur die versameling kunstenaars, Tamar Mason se aardewerkpotte, Kay Hassan se perspexbokse met leesbrille daarin, Norman Catherine grynsende beelde, Robert Hodgins se grinnekende sakemanne en Joachim Schonfeldt se landskapp van die Mtunzini-distrik gestap. Maar dis voor Emmanuel se vreemde, surreële swart-en-wit-landskappe van rivierbodem? sandsloot? met 'n paal, drade en 'n vreemde voorwerp wat daarin beweeg, wat jy gaan stilstaan.

Dis hier waar hy en ek later ontmoet om te gesels. Ek eien die ligte, deurmekaarkop wat half vraend nader staan nie dadelik as die skepper van die presiese krapmerke nie. Maar toe hy begin praat, en sy stem sweef asof dit gewigloos in die ruimte dryf, moet ek weet, dis die eienaar van Vault of Breath.

Sedert 1993 werk hy by die Artist's Press, 'n onafhanklike onderneming wat ateljees by die Bag Factory (formeel bekend as die Fordsburg Kunstenaarsaltee) huur. Laasgenoemde verskaf werkplek aan jong en ouer kunstenaars wat nie eie werkplek kan bekostig nie. Kunstenaars van ander lande word ook hierheen genooi terwille van kruisbestuiving van idees.

Dis hier waar jy vir Paul net tussen een- en twee-uur of na vyf kan kry. Deur die dag is hy kop onderstebo by die drukperse besig - deur die dag in samewerking met ander besoekende kunstenaars, snags aan sy eie werk.

Sy groot liefde, hoor jy, en inderdaad sien jy as hy oor die handgemaakte kunstenaarsboek praat. Dis waarvaan die vyf velle, wat as een reeks in die Goodman hang, deel gaan vorm. Verlede jaar is die ander blaaie reeds by 'n tentoonstelling in Pretoria gewys. Die hele boek, sal tegelykertyd al sy werk saamvat.

Hy verduidelik hoe die beelde van die voorstelling deur 'n droom ingegee is. Toe vermeng dit met dieselfde gevoel wat hy gekry het toe hy 'n reeks foto's van die Gariep Dam sien. "So velate, anderwerlds, bruin water wat soos sand lyk, die heuwelberge in die verte. Jy voel vry, soos 'n fluit wat in die wind speel, gevang, maar ook vry. Dis 'n hemelboog, onmeetlike ruimte, hemel die onmeetlike ..." Die woorde rol uit sy hande en oë soos hy die gevoel wat stukrag aan die werk gee, probeer 'vertaal'.

Terwyl hy deur die afbeeldings van vroeë werk blaai, wat hy vir my saamgebring het, praat ons oor die beelde wat opduik, geïsoleerde liggaamsdele, 'n oor, hande wat keer of gryp, 'n baba in die baarmoeder, 'n 'voorstaat', 'n droomstaat.

Ons tyd is op en die galery wil sy deure sluit, maar Emmanuel verduidelik van sy vorige boek, Nomina Sunt Numina, Die naam is die lig, wat nes die huidige te doen het met die onnoemlike goddelikheid.

Dis waarom Paul Emmanuel gaan.